

•Refrigeration •Air-conditioning



Lugversorger Installasie Proses

INLEIDING

Daar is eenvoudig nie iets soos 'n onderhoudsvrye lugversorger nie! Dit is 'n baie belangrike punt om te maak, sodat wanneer daardie verkoopsman vir jou vertel dat jou lugversorger geen diens of onderhoud gaan nodig hê nie, jy weet dat hy bollie praat.

Sommige onderhouds aktiwiteite moet deur die eenaar gedoen word, terwyl ander eerder vir die professionele ouens gelaat moet word.

Ons installasie proses voldoen aan streng internasionale standaarde en word breedweg hieronder uiteengesit. Of jy dus van ons dienste gebruik maak, of dié van 'n ander verskaffer, wees seker om na hierdie kwaliteits –en standaards gebaseerde punte op te let.

KWOTASIE

Dit is met hierdie eerste stap dat jou verhouding met die verskaffer / installeerder begin. Die goedkoopste prys is nie noodwendig die beste een vir jou sak nie. Swak installasie, gebrek aan die toepassing en behoud van tegniese standaarde en die beste beginsels van lugversorging, kan jou meer op die lange duur kos as wat nodig is, en meer as wat jou finansies moontlik sou toelaat.

'n Behoorlike kwotasie kan slegs gedoen word deur middel van 'n fisiese besoek aan die perseel waar installasie beoog word. Hierdie is 'n baie belangrike stap om te versker dat die kapasiteit van die lugversorger die area kan hanteer, asook om die installeerder te vergewis van die beskikbaarheid van elekrisiteit, geskikte ligging van die buite eenheid, diie kondensaat afvoerpyp, die lengte van verkoelingspype, en diese meer. Sou jy ons nader vir 'n beraamde kwotasie sonder 'n perseel-besoek, kan jy verseker wees dat dit glad nie akkuraat sal wees nie.

Indien dit ook 'n geval van die verskaffing van die lugeversorger eenheid is, word die vervaardiger en model dan ook op die kwotasie aangedui.

INSTALLASIE

Nadat die kwotasie bestudeer is, en aanvaar is deur jou as kliënt, gebeur die volgende.

1. Ons arriveer vir die installasie, en sal verkies as jou groot wag-honde ons nie aanval nie!

•Refrigeration •Air-conditioning



2. Die ligging van beide die binne en buite eenheid, soos afgespreek tydens die kwotasie proses, word voorberei deurdat ons:
 - a. Die binneste raam aan die muur heg
 - b. Die “core-dril” vir die pypwerk na buite doen
 - c. Die raamwerk vir die buitenste eenheid monteer
 - d. Die krag aanleg na die eenheid voorberei en installeer
 - i. Eenhede groter as 24,000 BTU moet direk na die DB bedraad word, en moet ook van ‘n isolator skakelaar binne arm-reik voorsien word
 - ii. 2.d.i. hierbo kan ook opsioneel vir kleiner eenheid toegepas word, veral waar ‘n geskikte muurprop nie nabygeleë is nie, of indien u dit so sou verkies.
3. Die binneste eenheid se pypwerk voorbereiding word gedoen, wat insluit die afsny van die meganiese koppelings (“flare-nuts”), en deur die pype eerder te koper-sweis (“braze”).
 - a. Die proses verseker dat daar definitief geen binne-eenheid verkoelingsmiddel lekkasies kan wees nie. (Jou lewe word makliker, en beter diens kwaliteit)
4. Die bedrading wat die binne en buite eenheid koppel word nou aan die binne eenheid opgekoppel, en gaan saam met die verkoelingspype, asook die kondensaat afvoerpyp deur die gat na buite.
5. Die buitenste eenheid word gemonteer en die pypwerk afgehandel, insluitende die meganiese koppelings na die buite eenheid.
6. Die gat wat deur die muur gemaak is word met ‘n uitset skuim geseël.
7. Die pype word gekoppel, ‘n seëlmiddel aangewend op die koppelings, en ‘n vakuum word op die binne-eenheid se pype getrek, waarna die verkoelings gas ingelaat word.
8. Die druk van die stelsel word gemonitor, en die eenheid aangeskakel, terwyl ons verder die druk monitor vir 15 minute of so.
9. Verskeie lesings en toetse word gedoen om te verseker dat:
 - a. Die eenheid teen die regte druk funksioneer
 - b. Die stroom verbruik van die kompressor nie oortollig is nie
 - c. Geen lekkasies van verkoelingsmiddel voorkom nie
 - d. Dat alle elektriese koppelings korrek gemaak is.
 - e. Alle waaiers korrek werk (binne en buite)
 - f. Die afstandbeheer werk
10. Indien die eenheid van die verkoelings- en verhitings tipe is (“Heat-pump”) word beide vorms van werking deeglik getoets.
11. Sou jy tuis wees tydens die installasie, sal ons graag die werking van die eenheid aan jou wil verduidelik, sodat jy meer vertrouwd daarmee kan wees, en die produk beter kan benut.

•Refrigeration •Air-conditioning



12. Na afloop van die installasie moet alle uitstaande fondse direk in ons bankrekening betaal word.
13. Op hierdie stadium sal ons ook graag die afspraak vir die eerste diens en inspeksie met jou wil bevestig. Die kostes van so 'n diens sal eers betaalbaar wees nadat dit afgehandel is.
 - a. Installasie foute wat opgetel word met die eerste inspeksie word gratis herstel. Die diens (skoonmaak, ens) word teen die standaard tarief verhaal.

Let asseblief op dat ons onmoontlik nie alle gate, muur sny-werk en diese meer ten volle kan herstel en finaal afmaak en verf nie. (Ons het heel moontlik nie jou spesifieke kleur verf in voorraad nie)

Ons reik ook nie elektriese sertifikate uit in gevalle waar eenhede direk na die Distribusie Kas ("DB") bedraad is nie. Ons het egter 'n goeie verhouding met gekwalifiseerde en betroubaar elektrisiëns wat kan help hiermee.

Veiligheid Eerste

Kwaliteit kort op sy hakke

Swak werk – nie 'n opsie nie!